SUGAR
ILLOVO
LIMITED

protect™

# ETIKET

## TABLE OF CONTENTS


| | PAGE |
|---|---|
| ETIKET | 2 |
| WAARSKUWINGS | 2 |
| VOORSORGMAATREËLS | 2 |
| SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING | 3 |
| NOTA AAN GENEESHEER | 3 |
| GEBRUIKSAANWYSINGS | 3 |
| PRODUK EIENSKAPPE | 3 |
| VERENIGBAARHEID | 3 |
| MENGINSTRUKSIES EN TOEDIENING | 4 |
| GROND BEHANDELING | 4 |

SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL DETAILS • SIEN INGESLOTE PAMFLET VIR VOLLE BESONDERHEDE

# protect™

REGISTRATION NO. L7534 (ACT NO 36 of 1947)     REGISTRASIE NR. L7534 (WET NR 36 van 1947)

NATURAL PRODUCT
OF SUGARCANE

**AN EMULSIFIABLE CONCENTRATE SOIL TREATMENT FOR THE CONTROL OF PLANT PARASITIC NEMATODES AND CERTAIN SOIL BORNE FUNGI**

**‘N EMULGEELBARE KONSENTRAAT GROND BEHANDELING VIR DIE BEHEER VAN PLANT PARASIETIESE NEMATODES EN SEKERE GROND GEDRAAGDE SWAMSIEKTES**

**Active Ingredient:** *Furfural (aldehyde) 990 g/ℓ*
**Aktiewe Bestanddeel:** *Furfural (aldehied) 990g/ℓ*

**UN No. 1199**

**EMERGENCY TEL: (039) 975-1106**


**REGISTERED AND FORMULATED BY:**
**GEREGISTREER EN GEFORMULEER DEUR:**

**ILLOVO SUGAR LIMITED**
**Co. Reg. No. 1906/000622/06**
**Mpy. Reg. Nr. 1906/000622/06**


**20 ℓ**


**PO BOX 194, DURBAN, 4000**
**POSBUS 194, DURBAN, 4000**
**Tel: (031) 508-4300**




REGISTRATION NO. L 7534 (ACT NO 36 of 1947) REGISTRASIE NR. L 7534 (WET NR. 36 van1947)

**AN EMULSIFIABLE CONCENTRATE SOIL TREATMENT FOR THE CONTROL OF PLANT PARASITIC NEMATODES AND CERTAIN SOIL BORNE FUNGI**

**‘N EMULGEERBARE GROND BEHANDELING VIR DIE BEHEER VAN PLANT PARASIETIESE NEMATODES EN SEKERE GROND GEDRAAGDE SWAMSIEKTES**

**REGISTERED AND FORMULATED BY:**
**GEREGISTREER EN GEFORMULEER DEUR:**

**ILLOVO SUGAR LIMITED**
**Co. Reg. No. 1906/000622/06**
**Mpy. Reg. Nr. 1906/000622/06**

**Active Ingredient:** *Furfural (aldehyde) 990 g/ℓ*
**Aktiewe Bestanddeel:** *Furfural (aldehied) 990 g/ℓ*

**UN No. 1199**

ONLY SKULL

## WAARSKUWINGS

- Hanteer uiters versigtig.
- Giftig indien ingeneem of ingeasem word.
- Irriterend vir oë en asemhalingstelsel.
- Skadelik vir die vel.
- Bêre onder slot en grendel in 'n koel droë plek weg van voedsel en voer.
- Toksies vir vis en ander diere.
- Vlambaar – moet nie naby oop vlam stoor nie.
- Hou buite die bereik van kinders, oningeligte persone asook diere.
- In die geval van vergiftiging neem pasiënt na ‘n dokter en toon hierdie etiket aan hom/haar.

Alhoewel hierdie middel onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, die voorkoms van die bestandheid van die plaag teen die betrokke produk sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of nadelige effek op mens of dier, of gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

- Vermy inaseming van spuitmis en voorkom aanraking met vel en oë.
- Was besoedelde klere daagliks.

- Was met seep en koue water na toediening of toevallige vel kontak.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom wegdrywing van sproeinewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme, of areas nie onder behandeling nie.
- Maak spuittoerusting skoon na gebruik en raak ontslae van spoelwater waar dit nie gewasse weiding riviere of damme sal besoedel nie.
- Spoel leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houer deur gate in te slaan en plat te slaan en moet vir geen ander doel gebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING**
- Inname: seer keel, buikpyn, braking
- Vel: rooiheid, pyn, brand
- Oë: rooiheid, pyn, versteurde sig
- Inaseming: seer keel, hoes, kortasem, swaar asemhaling

**NOODHULPBEHANDELING**
- Verwyder pasiënt van bron van vergiftiging na ’n goed geventileerde area en hou hom/haar stil en kalm. Verwyder besoedelde klere en was besoedelde liggaam areas deeglik met baie water en seep. In die geval van aanraking met oë spoel onmiddellik uit met baie skoon water en kry mediese hulp.

**NOTA AAN GENEESHEER**
- Behandel simptomaties en ondersteunend

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
- Gebruik alleenlik soos aangedui.

**PRODUK EIENSKAPPE**
- **Protect** is ‘n kontak produk wat nie sistemies deur die plant opgeneem word nie. Indien die plante reeds deur nematodes/aalwurms geïnfesteer is, sal die produk nie die nematodes/aalwurms binne die plant beheer nie. Dit sal wel die aalwurms/nematodes in die grond rondom die plantwortels beheer.
- **Protect** moet nie op gronde met 'n hoë klei inhoud gebruik word nie.

**VERENIGBAARHEID**
- **Protect** is verenigbaar met asetochlor (EC) en imazapyr bevattende nie ge-ïnkorporeerde vooropkomsonkruiddoders wat op grondbone gebruik word.

**Protect is nie verenigbaar met die volgende produkte nie:**
- PVC
- Rubber
- En ander sagte elastomere (rekbare en buigbare sintetiese rubber komponente)
- Veselglas.

**MENGINSTRUKSIES EN TOEDIENING**

- Maak spuittenk halfvol met skoon water, en begin roer.
- Voeg die verlangde hoeveelheid **Protect** stadig by die water in die tenk terwyl daar geroer word en vul daarna met skoon water aan tot die benodigde volume.
- Toediening moet tydens 'n wind stil tyd van die dag plaasvind, kort na vermenging en binne een uur na vermenging.
- Moet die tenk nie laat staan sonder dat daar geroer word nie.
- Na gebriuk spoel die spuittenk deeglik uit met water.

**ETIKET**

**Grond Behandeling**

| GEWAS/PLAAG | DOSIS | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| Beheer van plant parasitiese nematodes en sekere grond-gedraagde swam-siektes | 400 of 600ℓ/ha in minstens 600ℓ water/ha<br>**OF**<br>Druptoediening:<br>4 of 6ℓ/100m ry | • **Protect** moet vir die spesifieke grond behandeling 7 dae voor plant toegedien word.<br><br>• **Protect** moet toegedien word op ‘n goed voorbereide saadbed/land wat tot op veldkapsiteit besproei is<br><br>• **Protect** kan toegedien word:<br>1. op ‘n saadbed<br>2. as ‘n ry toediening deur ‘n drupstelsel<br>3. as ‘n algehele bespuiting<br><br>• Opvolg besproeiing: Na **Protect** toediening moet die land besproei word met genoeg water om die produk tot ‘n diepte van ongeveer 20-30cm in te was<br>OF<br>• Die produk kan meganies tot ‘n diepte van ongeveer 20-30cm ingewerk word<br><br>**Let wel**:<br>• Gebruik die hoogste dosis in lande wat swaar besmet is met nematodes en swamsiektes<br>• Dit is belangrik dat **Protect** in die wortelarea waar beskerming noodig is, ingewerk word met behulp van 'n dis, kopploeg en/of met besproeiing |

| | | |
|---|---|---|
| | | • Swaar grond sal meer besproeing as lig grond nodig<br>• Lees ook 'Verenigbaarheid' en 'Produk eienskappe'. |